

Inhoud Hierdie preek wys dat Christus ware aanbidding van Hom as Here en God geskep het in en deur sy lyding en opstanding uit die dood. Deur ons in al God se verbondsseëninge te laat deel en in te sluit, maak Christus die aanroep van God gebed en maak Hy mense se aanbiedinge aan God offergawes. Daarmee vernietig Christus alle ruilhandel tussen God en mens. Die Here wys in sy vervulling van God se verbondsondernemings dat mense se geestelike feeste is niks anders as rowersspelonke waar mense God probeer vereer met alles wat hulle van God gebuit en geroof het nie. Hierdie geeste en spirituele feeste van die moderne Christelikheid vandag, is nie eredienste nie: hulle aanroep van God is nie gebede en hulle aanbiedinge aan God is nie offergawes nie. Dit is geestelike geweld waarmee hulle God wil roof en wil deel in wie en wat God as Here is.

Liturgie. Lied 168 3 verse; Evangelielesing Romeine 3: 21 – 28; Lied 202 2 verse; Wetslesing rom. 12: 1-4; Lied 249 5 verse; Lied 266

Skriflesing 1 Konings 8: 6, 9, 22, 23, 27 – 30, 49 – 53; Markus 11: 15 – 19; Johannes 2 verse 13 – 21;

Teks Johannes 2: 19: “Jesus het hulle geantwoord: “Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek hom oprig.”

Tema Christus maak ons aanroep van God gebed en ons aanbiedinge aan God offergawes.

1. Wat gebeur in die byeenkoms van gelowiges voor God: word God aanbid of word daar met God 'n geestelike fees gehou? Is byeenkomste van gelowiges voor God eredienste of geestelike feeste?

Die woord “tempel” in die Bybel beskryf die plek en gebou waar gelowiges byeenkom vir eredienste: byeenkomste waarin God deur die openbare geloofsgemeenskap aanbid word. Die woord “tempel” beskryf ook die eredienste self: die gemeenskap met God en die aanbidding van God. Dit is hoe dit in Psalm 65 beskryf word: “⁵ Dit gaan goed met die mens wat U uitkies en laat naderkom om in u tempel te bly. Laat ons die goeie dinge in huis in oorgloed geniet, die goeie dinge in u heilige woning.” In hierdie sin beteken tempel en heilige woning God self wat teenwoordig is en toeganklik is vir die eer en lof van mense.

Ons praat vandag nog steeds ook so. Ons sal praat van kerk as 'n gebou en plek wanneer ons sê: “Ons is in die kerk getroud.” Net so sal ons die erediens binne die gebou “kerk” noem wanneer ons sê: ons moet gereeld kerk toe gaan”, bedoelende ons woon die erediens gereeld by. Ons sal ook praat van “ons kerk” en dan bedoel ons die mens wat saam in god glo, nie die kerkgebou nie. Dan beteken “kerk” die gemeente.

Die woord “tempel” het ook al hierdie betekenis van die woord “kerk”: die erediens waarin gelowiges God aanroep en in sy liefde en goedheid voor Hom verskyn, God self wat teenwoordig en toeganklik is, die gebou en plek waar hulle God so aanroep en ook die mense wat in God se goedheid glo.

Nes die woord “kerk” vandag, is die woord tempel ’n woord wat die erediens en wat tussen God en gelowiges in die erediens gebeur sowel as die gebou en plek waar die gebou is waarin eredienste gehou word.

2. Daarom word die vraag: “is byeenkomste van gelowiges eredienste of geestelike feeste?”, geantwoord in die Woord van die Here deur te openbaar wat gebeur in die tempel van die Here, met al die betekenis wat die woord tempel bekendmaak.

Die eerste verskil tussen eredienste en geestelike feeste gaan oor wat in die tempel as gebou gehuisves word.

In alle tempels van alle religieë oor letterlik die hele aardbol was daar gode gewees. Mense het van enige iets moontlik beelde van diere, mense en geestelike visioene gemaak, dit ’n god genoem en dan in ’n gebou gesit.

Hierdie geboue het gode gehuisves. Hierdie gebou wat hulle vir hulle god gemaak het, was dan die huis en blyplek van hierdie god gewees.

3. In hierdie tempel wat Salomo in Jerusalem gebou het, en ook die tent waarin die Israeliete eredienste gehou het voor hierdie tempel, was daar nie ’n beeld van God nie. Daar was die verbondsark. Hierdie verbondsark was nie ’n uitbeelding of beeld van God nie.

Daarom eer Salomo God ook so in sy gebed tydens die inwydingsgeleentheid van die tempel in Jerusalem: ^{“27} Sou God werklik op die aarde woon? Die hemel, selfs die hoogste hemel, kan U nie bevat nie, hoe dan nog hierdie tempel wat ek gebou het.” Die totale kosmos so groot en wyd dit is, is en kan nie ’n blyplek van God wees nie. God is nie so dat God ’n blyplek het of in iets gehuisves kan word nie.

Daarmee erken en eer Salomo God vir sy alomteenwoordigheid, sy ewigheid en oneindigheid. Niks wat God gemaak het, kan God bevat nie. Want enige iets wat God bevat sal God inperk in sy almag, sy alomteenwoordigheid, sy ewigheid en oneindigheid, en daar is nie so iets in die skepping wat dit met God kan doen nie.

Dit is wat Salomo oor God bely: niks kan God insluit en bevat nie. Niks wat Hy as God gemaak het nie en nog minder enige iets wat mense maak. Daarom kan die mens ook nie vir God ’n blyplek skep waarin God moet woon en tuiswees as God nie.

Salomo verklaar hierdie geloof in God as God deur te stel dat die tempel wat hy gebou het in Jerusalem kan God net so min bevat as wat die kosmos wat God geskep het God kan bevat. God se eie skepping is nie sy blyplek nie. Hoeveel te meer kan dit wat mense skep vir God 'n blyplek wees?

Daarom is daar in die tempel van Israel geen God nie. Dit is nie God se blyplek nie. Daar is net 'n verbondsark.

4. Hierdie verbondsark was nie maar net weer nog 'n afgod soos ander afgode nie. Dit was nie 'n god of 'n manier waarop God teenwoordig is nie. Dit was 'n herinneringsteken oor hoe God onderneem het om vir Israel God te wees – dit was 'n herinneringsteken oor God se verbond met hulle en hulle verbondsverhouding met God.

Dit is daarom die wyse waarop Salomo God in sy gebed aanroep, ek lees vir u uit die 1953 vertaling: “²³ Here, God van Israel, daar is bo in die hemel of onder op die aarde geen God soos U nie, wat die verbond en goedertierenheid hou vir u knegte wat voor U aangesig wandel met hulle hele hart.”

Die woord goedertierenheid is 'n vertaling van die Hebreeuse woord wat vandag vertaal word as “troue liefde.” Die woord “Here” is God se aanspreekvorm uit Exodus 3: 14 wat beteken “Ek is wat Ek is.” God het nie 'n noemnaam nie. Mense kan ook nie vir God 'n noemnaam gee nie. God is wat Hy is en so moet Hy geëer en aangeroep word. God het 'n verbond van troue liefde met sy kerk onderneem: Hy sal God wees vir hulle en Hy as God sal sorg dat hulle sy kinders is wat Hom liefhet en dien.

Wie God is en wat Hy doen, gebeur nie binne in die gebou wat Salomo gebou het nie. Die ark is net 'n herinneringsteken oor hoe God onderneem het om altyd en orals vir sy kinders God te wees en hoe Hy altyd en orals hulle sy kinders laat wees.

5. God se verbondsonderneming oor hoe Hy God sal wees vir sy kerk en hoe Hy sy kerk Hom sal laat liefhê, is die werklike verskil tussen die afgode vir wie mense huisvesting gee en die Here wat deur niks bevat kan word nie.

Die volledigste samevatting van hoe God God is en ons sy volk laat wees kry ons in die profete saamgevat in Jeremia 31: 31 – en Esegïël 36: 24 – . Waarin is God in hierdie verbondsonderneming anders as alle afgode wat mense maak?

Dit wys in die aard van hierdie verbondsverhouding!

- God onderneem as God dat Hy sy kinders sal reinig van hulle onreinheid. Dit is nie hulle wat hulle van hul onreinheid moet reinig nie.

- God onderneem dat hulle 'n nuwe hart sal gee wat Hom liefhet. Dit is nie hulle wat hul hart moet verander om God lief te hê nie.
- God onderneem om hul hart wat afgode maak en godloos wil leef, sal wegneem. Dit is nie hulle wat hul hart teenoor God moet verander nie.
- God onderneem dat Hy sal sorg dat Hy hulle liefhet, barmhartig is, genade is, goed is vir hulle en lankmoedig bly met hulle. Dit is nie hulle wat God se gesindheid en houding teenoor hulle moet reg kry nie.
- God onderneem om vir hulle as Skepper te sorg met alles waaroor Hy as Skepper beskik. Dit is nie hulle wat moet sorg dat Hy hulle versorg nie.
- God onderneem dat omdat Hy hulle in sy goedheid insluit, hulle hul van hul sonde sal bekeer. Hulle moet nie bekeer om deel van God se liefde en goedheid te word nie.
- God onderneem dat Hy as God sal sorg dat sy kinders sy wil gehoorsaam.

In hierdie verbond het God jou as God lief en maak Hy dat jy Hom as mens liefhet deur sy geboorte te onderhou.

Hierdie verbondsverhouding verskil van alle persoonlike verhoudings met alle ander afgode. Afgode is gode waar mense hul self moet bekeer, reinig, hul hart en gesindheid teenoor hierdie afgode verander, self moet onderneem om aan God gehoorsaam te wees en self moet onderneem om hierdie afgod lief te hê.

Met hierdie onderneming van mense teenoor afgode moet hierdie gode ook totaal iets anders doen as wat God as God doen. Hulle moet hulle lewe, hulle mag, hulle wil, hulle krag en hulle liefde meedeel aan die wat hulle as gode vereer op so wyse dat hulle dit saam met hierdie besit en namens hierdie god op aarde verteenwoordig.

Hulle huisves hul gode om in hulle goddelike krag, mag, gesag, lewe, raadsplan en wil te deel. In hierdie persoonlike huisvesting van gode gaan dit oor magsdeling: gode wat hul mag, krag, lewe en liefdes met die mense deel wat vir hulle huisvesting, wonings en blyplekke gee.

5. So wat gebeur dan in hierdie gebou, die tempel van die Here in Jerusalem wat anders is as in ander geestelike feeste waar gode gehuisves word?

Salomo wys wat in hierdie gebou gebeur in sy eie gebed met die opening van hierdie tempel: hy wys dat dit 'n plek van openbare gebed van sy volk is waar God die openbare gebed van sy volk aanhoor.

Hy stel dit só: ³⁰“Hoor tog die smeekgebede van u dienaar en u volk Israel wat hulle na hierdie plek toe bid, hoor dit tog uit u hemelse woonplek, en wanneer u dit hoor, vergewe tog!” (1 Konings 8) Dit is die gebou waarin die volk van die Here tot Hom bid, Hom aanbid.

Die Here word aanbid! Daarom is die tempel die huis van gebed. Dit is die plek waar die verbondsvolk van die Here Hom aanroep vir sy verbondsonderneming dat Hy hulle sal lief hê en hulle Hom sal laat lief hê. God se verbondsonderneming teenoor sy volk maak die tempel 'n huis van gebed.

Die woord gebed se betekenis het so veralgemeen dat ons nie meer kan onderskei tussen wat gebed is en wat nie gebed is nie. Alle aanroep van God is nie gebed nie. Alles wat mense vir God aanbied is ook nie offergawes nie. God se verbondsonderneming en gemeenskap met sy volk maak van hul aanroep van God gebede en hul aanbiedinge aan God offergawes.

6. Dit is presies wat die Here as die betekenis van die tempel openbaar in sy beëindiging van die tempeldiens in Jerusalem. Die Here beëindig die tempeldiens in Jerusalem met hierdie woorde: Staan daar nie geskrywe nie: 'My huis sal 'n huis van gebed wees vir al die nasies' nie? Maar julle het dit 'n rowernes gemaak.' (Markus 11)

Jesus is die Here wat in die tempel aangeroep word. Hy is die Here wat as God aanbid word, soos Tomas die Here aanroep wat aan hom verskyn: 'My Here en my God!' (Joh. 20) As Here van die tempel noem die Here sy liggaam as mens ook "die tempel". Die Here se menswees is die tempel wat afgebreek sal word en wat die Here dan as nuwe tempel sal oprig deur weer as mens lewend uit die dood uit op te staan. Hiermee openbaar die Here dat Hy deur sy lyding en opstanding die verbondsgemeenskap skep waar Hy self God vir sy kinders is soos God onderneem het om God vir sy kinders te wees.

In en deur Christus se lyding en opstanding deel sy kinders in die verbondsgemeenskap met Hom as Here en God. Daarom is Christus as Persoon die tempel: Hy is die Here en God wat in sy liefde en goedheid teenwoordig en toeganklik. Hy is die Here wat in eredienste as God aangeroep kan word. Alles wat God onderneem om God te wees word vir die kerk deur Christus waargemaak deur sy lyding en opstanding uit die dood.

Hy is die tempel wat afgebreek word wat Hy self weer oprig! Daarom is dit Christus wat die aanroep van God gebede laat wees en die aanbiedinge aan God offergawes laat wees wat vir God aanvaarbaar is. Christus skep aanbidding. Hy maak ons aanroep van Hom as God gebede en Hy maak ons aanbiedinge aan God offergawes. Hy word as God aanbid in die eredienste van die kerk want Hy is die Here van hierdie eredienste.

Hoe maak Christus van die aanroep van God gebede en wat ons aan God aanbied offergawes? Deur ons deel te maak van die verbondsonderneming van God en ons in te sluit en te laat deel in al God se verbondsseëninge. Om Christus te eer, te dank, te loof, te verheerlik en aanbid vir al die verbondsseëninge wat die Here vir

ons waar laat wees, is gebed en offergawe. Die liefde waarin God ons laat deel en die liefde wat Hy in ons skep vir Hom, maak ons aanroep van God gebed en ons toewyding aan God 'n offergawe.

7. Gebed se inhoud, die saak waaroor gebed gaan, is die verbondsonderneming van God: dat Hy ons liefhet en ons vir Hom laat lief wees. Alles wat in gebed tot God gerig word, is en word gebed deur God se verbondsonderneming en verbondsgemeenskap met ons.

Gebed is die wyse waarop ons die Here dank, eer, loof, prys en verheerlik dat Hy ons reinig van ons sonde deur sy lyding en opstanding vir ons. Die diepste inhoud van gebed is die erkenning van God se reiniging van sonde. Die reiniging van sonde wat Hy bewerk en aan ons meedeel. Dit is omdat ons gereinig is dat ons God daarvoor kan dank, eer loof prys en verheerlik.

Gebed is die wyse waarop ons die Here dank, eer, loof en prys dat Hy ons sondige hart verwyder het, ons 'n nuwe hart gegee het om hom lief te hê en dit vir bewerk om gehoorsaam te mag en te kan wees aan sy gebooie.

Gebed is die wyse waarop ons die Here dank, eer, loof en prys dat Hy sy Gees aan ons gegee het: Hy het ons lief, is ons barmhartig, is ons genadig, is vir ons goed en lankmoedig met ons as sy kinders.

Dit is wat in sy tempel, sy Heilige teenwoordigheid, gebeur en daarom ook in die openbare eredienste in sy kerk gebeur: verbondsgemeenskap en gebed in hierdie verbondsgemeenskap.

7. Wat gebeur in die geestelike feeste van vandag?

Alles wat in vandag se geestelike feeste gebeur noem die Here self die handel, die besigheid van rowers in hulle rowersnes.

Ek wil vir u graag 'n voorbeeld gee uit vandag se lewe wat wys wat is hierdie rowerspelonk en wat gebeur in hierdie rowersspelonk wat die Here hier uitwys. Die voorbeeld het 'n paar voetangels, maar die punt van vergelyking in hierdie voorbeeld is belangrik.

Hoekom koop die boere nie avos, makadamianeute, koejawels en piesangs by die padstalletjies hier by Tshakuma en ander plekke hier rondom Levubu nie? Want dit is hulle produkte wat die vorige nag op hulle plase gesteel is. Hoe moet hulle nou na hierdie padstalletjie toe ry en wat by hulle geroof is, koop asof dit iets is wat hulle nodig het. Hierdie padstalletjie is nie 'n winkel nie. Dit is 'n rowersspelonk. Hier word die buit van die vorige nag van die plase aangebied aan boere asof dit winkelware is wat hulle nodig het. Die Here noem die tempel in Jerusalem 'n rowersspelonk met

hierdie bedoeling: hier moet God ontvang wat Hom aangebied word, maar wat Hom aangebied word, is dit wat van God geroof is.

Wat noem die Here 'n rowerspelonk?

Dit is alles wat binne in die tempel in Jerusalem deur die Jode bedryf was. Dit was nie net die geldwisseling buite die tempel in die voorhof nie. Die tempel self en alles wat in die tempel geestelik gebeur noem die Here 'n rowerspelonk.

Wat gebeur in 'n rowerspelonk?

Rowers vier feeste met hulle buit en roofwins. Die wyse waarop God aangeroep en vereer was binne die tempel word genoem die fees van rowers oor en met hulle roofwins binne hulle rowersspelonk. Dit is soos padstalletjieverkopers. Hulle omring jou feestelik, doen 'n beroep op jou roep jou as koper aan en met vererings wil hulle dat jy die buit van jou eie plaas feestelik by hulle koop.

Die Here openbaar daarmee wat is die feestelike aanroep van God en die aanbiedinge aan God wat in die tempel gebeur het. Dit was die rowersfees van rowers. Al die lof, eer, dank en verheerliking wat tot God gerig was, noem die Here die roofwins en plunderfees van rowers in hulle spelonk. Daarmee benoem die Here ook al die geestelike offerseremonies binne die tempel die rowersfees van rowers.

Dit is wat in die geestelike of spirituele feeste van vandag besig is om te gebeur volgens die Here se eie woorde: hierdie geestelike feeste is die rowersfees met die roofwins van rowers in hulle rowerspelonk. Dit is wat met hulle gebede en offers gevier word.

8. Wie word geroof in hierdie geestelike plundering?

Seker die grootste mistasting wat met die uitleg van die Here se woorde oor die tempel van die Jode plaasvind, is dat die roof wat by en in die tempel plaasgevind het, die geld van goedgeelowige en vroom mense was. Dit was nie die roof wat plaasgevind het nie.

Die profete het die werklik roof wat in hierdie tempel plaas gevind het so beskryf: "Dit is hulle wat vir 'n stuk hout sê: "My vader," en vir 'n klip: "U het my in die wêreld gebring." Na My toe het hulle hulle rug gedraai in plaas van hulle gesig. Dit is net wanneer 'n ramp hulle tref dat hulle sê: "Kom red ons tog!" (Jer. 2: 27)

Die Persoon wat in die tempel beroof word, is die Here. Waarvan God in die tempel beroof word, is nie geld nie. In die tempel word Hy beroof van dit wat Hom toekom: die eer, lof, dank en aanbidding van alles wat Hy as God die Vader vir sy kinders is. Dit is soos Jeremia dit uitwys: die lof, eer, dank en aanbidding wat God as Vader

toekom word van Hom weerhou en geroof en dan toegebring aan beelde van God wat nie God self is nie.

God word geestelik geplunder in hierdie geestelike feeste.

Waarvan word God beroof in hierdie geestelike plundering? Van alles wie Hy as Vader vir sy kinders is en wat Hy as Vader vir sy kinders doen.

God word geplunder van:

sy mag, sy krag, sy lewe, sy wil, sy raadsplan, sy Naam, sy liefde, barmhartigheid, goedheid en genade.

9. Hoe vind hierdie plundering van God plaas?

Met die aanroeping van God en met aanbiedinge aan God!

Dit is wat in hierdie rowerspelonk gebeur! God word in sy eie tempel beroof met alles waardeur Hy as God aanbid moes geword het. Die verering van, dank aan, lof tot en prys van God waarmee Hy aangeroep word, word roofmiddels! Die aanbiedinge wat aan God gebring word in hierdie rowerspelonkfeeste word die roofmiddels waarmee God beroof word.

Hoe kan die aanroep van God en aanbiedinge aan God roofmiddels word? Kyk weer na ons voorbeeld. Hoe kan die aanbied van winkelware en die uitnodiging om winkelware by iemand te koop, dit is, hoe kan bemaking van jou winkelware 'n roofmiddel word? Dit is maklik! Wanneer jy die gesteelde vrugte van boere aan boere bemark. Dit is wat verlede jaar met van die groot kettingwinkels gebeur het: hulle het die geroofde neute van Levubu op winkelrakke bemark as produkte wat boere by hulle moet kom koop.

Wanneer die aanroep van God gebruik word om God met God as God te onderhandel, om met God in 'n ruiltransaksie te gaan, wanneer God in hierdie onderhandeling met aanbiedinge afgedreig en gemanipuleer word om wie en wat Hy as God is te moet meedeel, uit te deel en saam te vier, het dit roofmiddels geword. Hierdie aanroep van God en aanbiedinge aan God is nie gebed of offergawes nie.

Wanneer die aanroep van God en aanbiedinge aan God middels word om met God te onderhandel om deel van sy mag, krag, raadsplan, wil en lewe te word, is dit geestelike geweld en roof, dit is nie meer gebed en offergawes nie.

10. Klink dit vir u vergesog, vaag en onsamehangend? Kom ons kyk 'n bietjie hoe God, nie ons nie, die volgende verklarings moet aanhoor!

- Ons moet ons lewe vir God oopmaak en God in ons lewe innooi sodat Hy in ons lewe en ons hart kan inkom. God moet binne in ons gehuisves word. God moet dan wanneer ons Hom binne in ons huisvesting gee, sy lewe, krag, mag, wil en raadsplan met ons deel. Wanneer Hy dit nie met ons wil kom deel nie, gaan ons Hom nie in ons hart en lewe huisvesting gee nie. Dan moet Hy maar 'n God sonder blyplek wees!

Is hierdie manier om God aan te roep, gebed? Of is dit rowersgeweld? Is hierdie huisvesting wat mense vir God aanbied, hulle hart en lewe God se woning of is dit 'n rowerspelonk: in hierdie hart en lewe gaan God van die eer en heerlijkheid dat niks Hom kan huisves in hemel of aarde, geroof word?

- Jy moet jou hart vir God gee, dan sal jy deel word van God se lewe binne in jou. Wanneer jy jou hart vir God gee, moet Hy sy lewe vir jou gee. As jy nie jou hart vir God gee nie, kan Hy nie binne in jou kom leef nie.

Hoe moet God hierdie aanroep en aanbieding hoor, as 'n gebed en offergawes? God kan dit mos op geen ander manier as God hoor as só nie: As jy nie jou goddelike lewe met ons binne in ons wil kom deel nie, dan gee ons nie ons hart vir jou nie.” Offers wat rowersgeweld is, wat God roof van die hart en lewe wat Hy gemaak en gegee het, en nou dit moet ontvang asof Hy iets kry wat nie Syne is nie.

- Net so sal geestelikes God met aanroepings verheerlik en lofprys sodat God mense in sy raadsplan as God moet insluit: met hulle aanroepings en aanbiedinge moet God sy raadsplan vir wanneer Hy vrede en oorlog beskik, Hy armoede en rykdom beskik, Hy gesondheid en siekte beskik, Hy vryheid of onderdrukking beskik, verander om binne mense se eie planne en wense te pas. As God dit nie doen nie, gaan hulle Hom nie aanroep en aanprys nie.
- Hulle sal God aanhoudend aanroep en aan Hom aanhoudend aanbiedinge maak sodat Hy as God sy krag, sy mag, sy gesag, sy wil, sy lewe en sy Naam met hulle moet deel. Hoe anders moet God dit hoor as: indien u nie u krag, mag en u gesag aan ons gaan gee nie, dan sal ons u nie aanroep en vir u ook nooit weer iets aanbied nie. Ons bid nie laat u wil geskied deur u mag, u krag en gesag nie. Ons bid om te deel in u krag, u mag en u gesag.

10. Wanneer is 'n samekoms 'n erediens en wanneer is dit 'n rowersfees, 'n geestelike feesviering met alles wat van God geroof word?

Christus maak die verskil tussen tempels wat rowersspelonke is en Hy wat die tempel van God is!

Die wyse waarop Christus dit doen, is om al die verbondsseëninge van God vir ons waar te maak en ons daarin te laat deel. Dit is wat die verskil maak tussen die aanroep van God as gebed en die aanroep van God as handeldryf met God oor alles wat van God geroof is.

Wie ingesluit is en deel het aan al God se verbondsseëninge, eer, dank, loof en prys God vir alles wat God ons in laat deel en vir ons as God gegee en beskik het. Wie ingesluit is en deel in God se verbondsseëninge, kan nie onderhandel met God oor wat hulle nie het nie en by God wil kry deur vir God te gee wat Hy nie het nie.

Daarom skep Christus die kerk as huis van gebed, nie as sy blyplek waarin Hy moet huisvesting soek nie. Hulle aanroep van God is dank, eer, lof en prys vir alles waarin hulle ingesluit is en aan deel het: God se liefde en die gawe om God te kan liefhê. Wie God so aanroep, ingesluit en deel van sy liefde en al die seëninge van sy liefde – is met gebed besig. Wie hul aan God se wet toewy met die nuwe hart en reiniging van sonde wat God ons gee en in laat deel, is met offergawes besig. Dit is hoe Paulus dit in Romeine 12 stel: “En nou doen ek ’n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julle self aan God as lewende en heilige offers wat vir God aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdienst wat julle moet beoefen.”

11. Hoe ver weg van God se verbondsgenade moet ons wees, wanneer ons nie meer die verskil tussen die tempel van die Here en rowersspelonke kan sien nie! Wanneer ons nie meer die verskil tussen ’n erediens en ’n geestelike rowersfeeste kan raaksien nie! Wanneer ons nie meer die verskil tussen die aanroep van God wat gebed is en die aanroep van God wat onderhandeling met God oor sy eie gawes en eie goddelikheid kan raaksien nie. Wanneer ons nie meer die verskil kan sien tussen aanbiedinge aan God om onderhandelinge is, om wat eie aan God is ons eie te maak en aanbiedinge aan God wat offergawes is nie.

Dan het ons soos die eienaars van hierdie padstalletjies geword. Ons kan niks meer verkeerd sien daarin dat ons aan die boere met gelag en gedans en feestelike ons winkelware vir hulle uitstal en aanbied nie. rowers wat hulle self trots siene en glo as verskaffers.

Net so is die geestelike feeste wat voorgehou word as samekomste waarin gebed en offergawes aan God gebring word. Dit is padstalletjies waar God ruilhandel moet gaan doen met wat by Hom geroof is: mense harte, mense lewens, sy mag, sy krag, sy lewe, sy raadsplan en sy wil.

Kom ons nader God in die geloof in Jesus Christus – Hy is die huis van die Vader. Hy sluit ons in en laat ons in al God se verbondsseëninge deel. Wie Hom in hierdie vertrouwe aanroep, is met gebed tot God die Vader besig en wie homself in hierdie geloof aan God wy, is met offergawe besig.

Kom ons vermy die rumoer van rowersspelonke waar God aangeroep word met aanbiedinge van alles wat mense van Hom as God geroof het! Christus het met sy lyding en opstanding Homself die tempel van God gemaak om aan al hierdie geestelike feeste 'n einde te maak.